PSW

# Eenheid 15: Kulturele deurgangsrites

## Graad 6

Week 7: 1 Junie 2020

Laerskool Mikro Kopiereg ©

EENHEID 15

# DOOP (BL.74-75)

## Sleutelwoorde:

| Woord | Definisie |
|---|---|
| Doop | Die Christen-ritueel waar water op ‘n persoon se voorkop gesprinkel word, of hulle in water onderdompel word as simbool van reiniging en toelating tot die kerk. |
| Geloofsgemeenskap | Godsdiensgroep |
| Inisiasieseremonie | Ritueel / seremonie waar iemand toegelaat word tot ‘n organisasie of groep. |

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Inisiasieseremonies soos die doop word ook as 'n belangrike deurgangsrite beskou.

Die doop word beskou as 'n **naamgewingseremonie.**

Die gemeenskap kom bymekaar en vier die beloftes van God.

Christene word deel van die liggaam van Christus.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# BETEKENIS VAN DIE FASE:

LAERSKOOL MIKRO



- Christene doop hul kinders met **water** en maak ‘n **belofte** aan God om hul kind volgens Christelike waardes groot te maak.
- Die kind kry ‘n **naam** en word ook ‘n lid van die kerk.
- Sommige mense word gedoop wanneer hulle ouer is. Die seremonie vind dikwels in ‘n rivier, dam of swembad plaas.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# SIMBOOL VAN DIE DOOP:

- Wanneer mense gedoop word, simboliseer dit die **afwas van hul sonde.**



Laerskool Mikro Kopiereg ©


## Gesels bietjie met mamma, pappa, oupa of ouma oor die volgende vrae:

- Is jy gedoop? Vra jou ouers om jou meer te vertel van die seremonie.

- Wat het jy aangehad? Hoe oud was jy? Wie het jou in die kerk ingebring ens.



Laerskool Mikro Kopiereg ©




- Babas word tradisioneel in ‘n **lang wit dooprok** gedoop wat as ‘n simbool van onskuld en reinheid dien.

- In vandag se tyd word seuntjies in doopklere, wat nie soos ‘n rok lyk nie, gedoop.

Laerskool Mikro Kopiereg ©